Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die Kerkblad

Junie 2023

Duitsland as sendingland?

Gereformeerde Kerk ’n Pinksterkerk!

www. gksa.org.za

Inhoud

Junie 2023

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

JAARGANG 124, NO. 3378
Junie 2023

UIT DIE WOORD
1 Pinkster binne die geheel van God se Raadsplan

3 VAN DIE REDAKTEUR
Gereformeerde Kerk 'n Pinksterkerk!

5 Gekroon tot diens – Gesprek met dr. MN Hermann
8 *Sorg Met Eer* – Hoe vorder ons?
9 TOP PRODUKSIE VIR SORG MET EER 20 en 21 Oktober
10 Gespreksbyeenkoms oor die eenheid van ons kerke: Saterdag 22 Julie
11 Steeds oop deure vir dr. Flip Buys
13 Griet se Storie
14 Duitsland as sendingland? (1)
17 Eers dit!
18 Die offisiële kerkseël van die GKSA (1)
20 Die Gereformeerde Kerkreg: Reg, Riglyn of Rite? (3)
21 Feite en Fiksie: Word ons engele hierna?

Korter nuusbrokkies deur die blad versprei

23 Kleinadvertensies

REDAKSIEKOMMISSIE
REDAKTEUR: Ds. C Aucamp
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Prof. J Smit, mev. V de Kock, mev. G Swanepoel, dr. EJ Smit, JG Noëth, prof. DF Muller, ds. GP Meijer

Adresbesonderhede:
- Die Redakteur, Die Kerkblad, Molenstr. 62, Potchefstroom, 2531; e-posadres: anberg@absamail.co.za; sel. 082 377 1112
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Molenstr. 62, Potchefstroom, 2531; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R500
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, 11 uitgawes) – R360
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R150

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462

EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

Gereformeerde Kerk ’n Pinksterkerk!

“*Wanneer Hy kom, die Gees van die Waarheid, sal Hy julle in die volle waarheid lei”* (Joh. 16:13). Ons Here Jesus noem die Heilige Gees *die Gees van die waarheid*. Nie net hier in Johannes 16 nie, maar reeds in Johannes 14:17: *Die Vader sal vir julle ’n ander voorspraak stuur, naamlik die Gees van die Waarheid.*

Die hart van sy werk

Dit was daardie Donderdagaand in die bovertrek, die aand voor die kruis. Dit was ’n laaste gesprek. M**ô**re is Jesus weg. Dis ook ’n eerste keer dat Hy so met sy dissipels oor die Heilige Gees praat. Mens moet dus verwag: Hier sal dit nie oor bykomstighede gaan, oor iets ekstra van die Heilige Gees nie, maar oor die wesenlike. ’n Eerste aankondiging: dan vat jy die hart van ’n saak raak. Hy word nie genoem *die Gees van wonders* of die *Gees van genesings* nie, want dit is nie die wese van sy werk nie, maar tekens wat die wese belig: die waarheid wat Hy bring.

Gees van die Waarheid is só deel van die Heilige Gees dat dit die hart van sy werk beskryf, dat dit is wat Jesus hier in ’n laaste gesprek vir sy dissipels wil sê. *Hy sal julle in die hele waarheid lei.*

Christus is die waarheid

Wat is waarheid? Ironies is dit die vraag wat Pilatus aan Jesus gevra het. Hierdie woord *waarheid* is een van die sleutelbegrippe van die Johannes-Evangelie. Dit kom byna 30 keer daarin voor. Dis baie duidelik: *Waarheid* beteken hier meer as net die teenoorgestelde van valsheid. Onthou, Jesus het Self gesê: *Ek is die weg en die waarheid en die lewe.* Reeds daar in Johannes 1 word van Jesus gesê: *Hy is vol genade en waarheid. Waarheid* moet dus ten nouste verbind wees aan Jesus Christus Self.

Dit word vir ons nog duideliker in vers 13: *Wat Hy sê, sal nie van Homself af kom nie.* Die *waarheid* van die Heilige Gees ... dit het dus alles te doen met Jesus Christus. Die Gees bring nie nuwe dinge nie. Hy bring nie nuwe openbaringe, nuwe gedagtes nie. Christus het die nuwe gebring, die radikaal anderse. Die Gees gaan dit in ons lewens indra. *Wat Hy van my ontvang, sal Hy aan julle verkondig.* Die 1953-vertaling stel dit nog duideliker: *Hy sal neem uit wat aan My behoort en aan julle verkondig.* Dit wat Jesus met sy versoenende lyde en sterwe en met sy opstanding verwerf het, dit sal die Gees aan ons verkondig: die versoening met God in Jesus Christus. Die skatte uit die buit van Golgotha en die oop graf, dit sal die Gees in ons lewens indra. *Hy sal ons in die volle waarheid lei.*

Hy sal My verheerlik. Dit is: Hy sal die heiligheid, die krag, die versoening, die Godheid self van Christus helder laat skyn in die harte en lewens van mense.

Hy is die Gees wat Christus aan ons verkondig. Die Gees wat ons inlei in die volle heil wat Christus vir ons verwerf het. Dit wat Christus vir ons verwerf het, sal die Heilige Gees aan ons skenk. Om dit te doen, sal die Heilige Gees *nie uit homself spreek nie Hy sal verkondig wat Hy hoor.* Dit wat die Vader en die Seun aan Hom gee, dit sal Hy spreek.

Dis die wese, die werk van die Heilige Gees. Dis die een ding van die Gees wat Jesus wil hê sy dissipels moet weet voor Hy gaan. *Hy is die Gees van die waarheid.*

Pinksterkerk

Kom ons trek nou enkele lyne vir ons vandag:

Mense wat in die werk van die Heilige Gees ten eerste die opspraakwekkende, die sensasionele, die wonderervarings soek, tas mis met die Gees. Hulle wat die Gees los dryf van Christus ... hulle is Geesdrywers. Die dinge wat hulle najaag, was tekens wat die koms van

die Heilige Gees vergesel het. Dis nie die wese van sy werk nie. Die wese van die werk van die Heilige Gees: Om ons in die volle waarheid te lei. Om harte te vermurwe vir die evangelie van Jesus Christus. Om dooie harte van klip lewend te maak om in Christus te glo. Dis die wonder van die koms van die Heilige Gees:

- Dat blinde oë geopen word ... om Christus raak te sien.
- Dat dooie harte lewend gemaak word ... om Christus in sy volheid te ontvang.
- Dat kreupeles en strompelende mensekinders opgerig word ... om met vaste gang die pad van oorwinning saam met Christus te stap.

Met Pinkster het die Heilige Gees gekom om my by Christus te bring, my voor die kruis en die oop graf te stel, my te oortuig: Dit het Hy vir my gedoen. Dit doen die Gees deur die Woord, *deur Christus aan ons te verkondig*.

Die Gereformeerde Kerk ook Pinksterkerk? Natuurlik, dit kan nie anders nie. DK

Korrespondensie oor die Gereformeerde Teologiese Akademie

In die artikel "*Die Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA)" in Die Kerkblad* van Mei 2023 het dr. Gerard Meijer, voorsitter van die Direksie van die GTA, die besluit van Algemene Sinode 2023 oor die GTA toegelig.

Die Kerkblad het daarna drie briewe ontvang waarin ernstige vrae gestel en bedenkinge uitgespreek word oor die GTA. Die briefskrywers is emeritusprofessore Callie Coetzee en Dries du Plooy, en 'n gesamentlike brief van dienende professore Johannes Smit, Hennie Goede, Ferdi Kruger, Risimati Hobyane en Sarel van der Walt. Die Redaksiekommissie het geoordeel:

- Dat die sake wat in die briewe geopper word, inderdaad belangrike sake is wat met die lesers van *Die Kerkblad* gedeel moet word. Dit is wel sake wat deur die betrokke vergaderings behandel moet word, maar dis ook sake waarby die hele "kerkvolk" belang het. Dit is ook afkomstig van broeders wat ten nouste met die opleiding van ons predikante gemoeid was of is.
- Dat die briewe tesame te lank is om in een uitgawe van *Die Kerkblad* geplaas te kan word.
- Dat op welke wyse dit ook al geplaas word, die Kuratore en die Direksie van die GTA geleentheid moet kry om in dieselfde uitgawe/dokument op die vrae te kan antwoord, aangesien een maand te lank gaan wees vir die belangrike sake om in die lug te hang.

Gevolglik het die Redaksiekommissie besluit:

- Dat die saak in hierdie Junie-uitgawe van *Die Kerkblad* aan ons lesers meegedeel word.
- Dat ons 'n spesiale elektroniese uitgawe van *Die Kerkblad* sal uitgee waarin die briewe volledig aan die orde gestel sal word, die Kuratore/Direksie geleentheid sal kry om op die vrae te reageer, en waarin verdere toeligting gegee kan word oor die saak van die opleiding van ons predikante in die toekoms.
- Dat hierdie elektroniese uitgawe uitgegee moet word voor die volgende *Kerkblad* verskyn, dus nog in Juniemaand.
- Dat, omdat die saak so belangrik is, die elektroniese uitgawe ook via die poslys van dr. Wymie du Plessis aan kerke gestuur sal word.

Ons vertrou dat ons op hierdie wyse die belangrike saak van die opleiding van ons predikante sal dien en dat hierdie "gesprek" daartoe sal lei dat moontlike probleme aangespreek sal word en dat daar rustigheid oor die belangrike saak sal kom. Ons bede is dat die Here hierdie "gesprek" sal gebruik om ons kerke en die opleiding van ons predikante te dien, en ons vra u voorbidding vir almal wat in hierdie veranderde omstandighede gemoeid is met die opleiding van ons toekomstige dominees. DK

Steeds oop deure vir
Dr. Flip Buys

"Selfs in hul ouderdom sal daar geen mind'ring kom van bloei en eedle vrugte."

Hierdie woorde van Psalm 92 is sekerlik van toepassing op dr. Flip Buys, wat na 'n geseënde dienstyd van 39 jaar in 2012 as sendeling van KwaNdebele geëmeriteer het. Hy skryf self: *"Ek glo die Bybel praat nêrens van aftree of emeritaat en dan maar sit en wag tot jy doodgaan nie. Ons bly "verplig om ons gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend" (HK antw. 55) totdat die Here ons kom haal."*

Die Mosselbaaigemeente

Flip en Hanneke het vyf jaar gelede na Mosselbaai verhuis, en in dié aktiewe, groeiende gemeente word sy gawes steeds ryklik aangewend. In die omgewing preek hy van tyd tot tyd in die Gereformeerde Kerke Mosselbaai, George, Stilbaai, Oudtshoorn, Knysna-Plett, Kaap Agulhas en ook by die Pniël-sendingkerkie in die Asla Park Bruin-gemeenskap.

Hy het in die gemeente 'n evangelisasiekursus aangebied en dien as adviseur vir die evangelisasie diensgroep. Hy is ook met sy diep basstem 'n ywerige lid van die sterk Mosselbaai-gemeentekoor van by die 40 lede wat van tyd tot tyd optree. Op versoek lei hy ook 'n Bybelstudiegroep in hulle eie wyk in die Fynbos Aftreeoord. Hulle het reeds deur 1 en 2 Petrus gewerk en is nou besig met die Evangelie van Johannes.

Pniël

In Pniël het die gemeente van Mosselbaai betrokke geraak met hulp by die Pniël Bewaarskool in dié behoeftige Bruin gemeenskap. Dr. Flip is versoek om daar 'n Bybelskool vir enkele personeellede op Sondaemiddae aan te bied. Hy vertel van die volgende insiggewende gebeurtenis by die Bybelskool.

"Toe ons 'n oorsig van die boek Eksodus en Levitikus behandel waarin die erns van God se heiligheid vier keer in die boek Levitikus herhaal word, kom daar 'n hele aantal vrae oor toorpraktyke en die betekenis van drome uit die groep. Een student het dit so gestel: *"In die tyd van die apartheidsjare het ons Bruin mense maar tussen die Swart mense opgegroei en baie van hulle toorpraktyke en rituele en idees van drome het maar ook deel geword van die Bruin gemeenskappe tot vandag toe. Ons sien nou hoe dit bots met dit wat die Bybel leer oor God se heiligheid en ons weet nie mooi hoe om dit te hanteer nie."* Daar was toe intense vrae en bespreking oor die betekenis van drome in ons lewens. Dit het daartoe gelei dat hy ook lesings gegee het oor die duiwel en demone en 'n Christelike Bybelse perspektief op die verstaan van drome.

Die akademie

Dr Flip het tot baie onlangs nog as navorsingsprofessor vir die Fakulteit Teologie nagraadse studente in hulle MA en Ph.D. grade begelei. Omdat dit elektronies gedoen kan word, kon hy dit van Mosselbaai af doen. Sedert sy emeritaat in 2012 het hy die voorreg gehad om

Dr. Flip bedien die doop aan 'n verbondskindjie van KwaNdebele

studente uit Nederland, Zambië, Ghana, Burundi, Nigerië, Brasilië, die VSA en Suid-Afrika te begelei met nagraadse studies in Sendingwetenskap (Missiologie).

Hy publiseer gereeld nog akademiese artikels. Oor drie van sy onlangse akademiese artikels het hy terugvoer gekry dat dit wêreldwyd in baie lande gelees word. Een gaan oor die Afrika-Godsbeeld, korrupsie en die evangelie (*Corruption, Bribery, African Concepts of God, and the Gospel*). 'n Ander artikel handel oor 'n Bybelse hantering van stigmatisering wat veroorsaak word deur toorkragbygelowe van MIV- en VIGS-pasiënte en hulle naasbestaandes (*Building resilient communities in the midst of shame, guilt, fear, witchcraft, and HIV/AIDS*). Die derde een oor wortels van die *missio Dei*-begrip in die Reformasie en die implikasies daarvan vir teologiese opleiding. (*The roots of missio Dei in the Reformation, and its implications for theological education*.)

Hy het ook nog 'n uitnodiging gehad om die lesing oor stigmatisering van MIV-pasiënte en naasbestaandes deur toorkragbygelowe by 'n internasionale konferense van die Miga Stigting in Manilla in die Filippyne aan te bied.

In die kerkverband

Met die hulp van die sendingkommissie van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar kon hy 'n handleiding oor kerkplanting, wat hy saam met finalejaarstudente geskryf het, nou in Engels verwerk kry en publiseer as hulp vir Engelssprekende Gereformeerde Kerke: *"God builds with living stones. A manual for church planting"* (2023).

Hy dien ook nog as adviseur by die Expando Kerkgroei Deputate.Dit is ook vir hom 'n voorreg om steeds van tyd tot tyd teologiese en kerklike advies te gee aan oudstudente en lidmate van gemeentes wat kom kuier of telefonies of per e-pos advies vra oor aspekte van die bediening van die evangelie.

Godgegewe Oop Deure

Flip het op versoek van oudstudente en vriende sy memoires uit die bediening in 'n boekie, *Geopende Oop Deure*, neergepen. Die boekie beslaan tans 144 bladsye en hy wil die boekie nog publiseer en soek 'n uitgewer daarvoor.

Die voorblad van dr. Flip se terugkykboekie wat op pad is



Prof. Piet Meiring van die NG Kerk skryf oor die boekie: *Ek het toe ek eers begin lees het, by my rekenaar bly sit tot by die laaste bladsy van die laaste hoofstuk. Watter ongelooflike bediening het jy nie gehad nie! Dit is 'n vooorreg om so saam met jou deur die foto-album van jou ervarings en insigte te blaai. Ek is jammer dat ons nie meer met mekaar te make gekry het toe ons nog jonk en aan die gang was nie. Die Dopperdominee/professor sou my lewe oneindig verryk het.*

In die boekie skryf hy onderhoudend met voorbeelde uit eie ervaring oor onder andere *Bybelstudiegroepe; Evangelisasie en Gemeenteopbou; Uitverkiesingprediking; Alkoholistebediening; Okkultisme en Satanisme; Geweld en Vergifnis; en Versoening van Rasse.*

Die titel *Godgegewe Oop Deure* is ontleen aan Openbaring 3:8: *"Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie."* Dit was die Skrifgedeelte wat wyle prof. Christi Coetzee as teks gebruik het toe hy Flip in sy eerste gemeente in Odendaalsrus in 1973 as predikant bevestig het.

Ons dank ons Here dat Hy in sy groot genade soos in die verlede steeds soveel geopende deure vir sy dienskneg Flip Buys gee.

Wat 'n genade om terug te kyk en te weet: Niemand kan die deure sluit nie, juis omdat Hy dit oopgemaak het. DK

Dr. Victor E d'Assonville

(1) Duitsland as sendingland?

"Ek glo nie in God nie en het nog nooit nie"

In *Die Kerkblad* het ons verlede maand gekuier by dr. Victor E d'Assonville. Die opskrif was *"Van Afrika tot Heidelberg – met die Belydenis"*. Dit is presies die werk wat dr. Victor doen aan die *Reformatorisch-Theologisches Seminar* (RTS) in Heidelberg, waarvan hy hoof is. Inderdaad sendingwerk. *Die Kerkblad* het hom toe gevra om in 'n kort reeksie, *"Europa as Sendingveld"*, die stand van die evangelie in 'n paar lande in Europa met ons te deel. Eerste aan die beurt is Duitsland, waar hy woon en werk.

Die mees goddelose streek op aarde ...

Die bevindings in 'n verslag van die Universiteit van Chicago 11 jaar gelede (Smith, 2012) was heel skokkend. Van sowat 30 lande oor die hele wêreld waar persoonlike geloofsoortuigings oor 'n tydperk van sowat 20 jaar ondersoek is, is die oostelike streke van Duitsland (die voormalige Oos-Duitsland) by verre die mees ateïstiese streek op die aardbol. Trouens, die oostelike deel van Duitsland is die treurige wenner en wêreldkampioen van feitlik al die kategorieë waar dit gaan oor ongeloof:

- In Tabel 1 (oor ateïsme) dui meer as 52% van Oos-Duitsers aan dat hulle ateïste is – loshande met meer as 12 persent voor die tweede plek, Tsjeggië.
- In Tabel 2 van die ondersoek is dit nog erger: Volgens die opnames sê byna 60% van alle Oos-Duitsers in 2008: *"I don't believe in God and I never have."* (Die tweede plek is byna 20% agter Oos-Duitsland, weer Tsjeggië.)
- En in Tabel 3, waar die vraag gestel is of jy in 'n persoonlike God glo, is oostelike Duitsland die enigste streek met enkelsyfers, slegs 8,2% wat dit glo. Alle ander lande het dubbeld soveel of baie meer mense wat aandui dat hulle glo.

***Belonging, not believing* – hetsy, "nie lus vir 'n teologiese gesprek nie"**

In die westelike dele van Duitsland (voormalige Wes-Duitsland) is die situasie wel beter, maar ook kommerwekkend. Hier was nie Marxisme wat soveel tot niet gemaak het nie, nogtans is soortgelyke negatiewe tendense aan die toeneem. Soos 'n teoloog 'n klompie jare gelede al gesê het, dis 'n kwessie van eerder "belonging" as "believing".

'n Goeie verduideliking hiervan is een van die prominente huidige kabinetsministers van Duitsland wat uitdruklik in 'n onderhoud sê dat sy, ofskoon lidmaat van die groot EKD *(Protestantse Kerk van Duitsland)*, "nie gelowig is nie".

Dit is baie tiperend van 'n samelewing waar die geloof oor baie jare en dekades heen "geprivatiseer" is. Dit is jou private saak en het vir die openbare lewe eintlik nie betekenis nie. Kerklidmaatskap is meestal iets kultureel. Óf, soos 'n Duitse bedelaar sowat 25 jaar gelede teenoor my gesê het toe ek hom uitgevra het oor sy geloof: *"Ek is nie vandag lus vir 'n teologiese gesprek nie …"*

Meer as 90% Duitssprekende kinders – nooit in 'n kerk nie
Daar sou oor verdere negatiewe feite voortgeborduur kon word, byvoorbeeld dat, volgens statistiek van 'n bekende evangeliesasiegroep, sowat 94% van alle Duitssprekende kinders in Europa nooit kerk toe gaan nie en 'n verdere sowat 3% miskien een keer per jaar (tydens Paasfees of Kersfees). Besef ons die implikasies daarvan dat 94% van alle Duitssprekende kinders nooit die evangelie hoor nie?

Wanneer oor statistieke en sosiologiese, empiriese opnames in die samelewing gepraat word, sê dit nog weinig oor 'n persoonlike, individuele verhouding met Christus. Dit dui wel aan dat die dekadelange waarskuwings oor 'n post-Christelike Europa al lankal werklikheid is. Verlede jaar was die eerste jaar dat die lidmate van die amptelike "groot konfessies" (die *Duitse Roomse Kerk* en die *Duitse Protestantse Kerk*, EKD – beide sowat 20 miljoen lidmate) vir die eerste keer saam minder as 50% van die totale Duitsers uitmaak. Sonder om alarmisties te wees, kan 'n mens sê dat dit die eerste keer is wat dit die geval is sedert die kerstening van die Germaanse stamme (insluitende die Friese en die huidige streke van die Lae Lande) in die tweede helfte van die sewende eeu (dink maar net aan die sendelinge Willibrord en Bonifacius).

Duitsland – sentraal-Europa
Daarby is die sentrale en strategies-ekonomiese betekenis van Duitsland in Europa en die wêreld voor die handliggend. Dr. Martin Emmrich, predikant in die OPC (VSA) – self 'n Duitser van geboorte – en gasdosent aan die RTS Heidelberg het dit jare gelede al mooi geformuleer:

> *"Die enkele mees oortuigende rede waarom enige Christen sendingwerk in die buiteland behoort te ondersteun, is die geloof aan Christus se sendingopdrag. Sommige wêreldstreke het egter strategiese betekenis. Duitsland is die geografiese sentrum van Europa. As daar 'n sterk getuienis in hierdie land gelewer word, stuur dit belangrike seine na die hele kontinent. 'n Teologiese inrigting soos die RTS is 'n belangrike vastrapplek tot die opbou van belydende kerke met reformatoriese geloof in 'n gebied wat deurtrek is van duisternis."*

Victor by die Wartburg, die kasteel waar Luther ná die Ryksdag van Worms vir 'n jaar as vermomde moes bly. Hier het hy die Bybel in Duits vertaal.

"Die geloof is uit die gehoor ... van die Woord van God"
Bostaande informasie kan lei tot défaitisme en die handdoek ingooi ...

As mense nie meer kerk toe gaan nie? Waar sal hulle van Christus hoor? Onwillekeurig skiet Romeine 10:9-17 'n mens te binne:

> *Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? ... Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van Christus." ["... Woord van God."]*

Die Luthervertaling formuleer dit treffend: "... Die geloof kom uit die preek, die prediking egter deur die Woord van Christus."

'n Duitse emeritusprofessor aan 'n gereformeerde fakulteit in Oos-Europa beaam dit:

> *"Die toekoms van die Christelike kerk word wesenlik bepaal*

Victor saam met lede van die RTS Heidelberg Raad. Heel regs is prof. J van Vliet uit Kanada, en langs hom prof. J Maris uit Nederland.

deur dit wat gepreek word. Die kerke verval omdat die nuwe teologie om die mens in die middelpunt draai. Ons het dringend die RTS nodig wat toekomstige predikante leer om die Woord van God weer reg te verkondig."

Die Gereformeerde Belydenisse en die sending van Christus

Ses jaar gelede wys 'n gereformeerde kollege in Omaha, Nebraska, my hoe hulle in Amerika sendingwerk doen met die Heidelbergse Kategismus.

Stedelike sendingwerk in die VSA met die *Heidelbergse Katechismus*? Maar natuurlik! Want met die Gereformeerde Belydenisse het ons die suiwer antwoord uit die Skrif op die mees wesenlike lewensvrae van die 21ste-eeuse mens.

Wat 'n onuitspreeklike voorreg is dit dan nie om studente op te lei om juis hierdie evangelie te deel met die mense, hetsy in die Wittenberg van Luther (waar vandag minder as 15% van die inwoners hulleself as Christene sien), en ook in Heidelberg, waar die beroemdste geskrif vanuit hierdie streek in Heidelberg self onbekend geword het ... Of, soos in die woorde van Paulus: "Ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde."

Dieselfde Paulus het ons egter ook by verskillende geleenthede tot voorbidding vir mekaar opgeroep, byvoorbeeld in Kolossense 4:2-4 waar hy vermaan tot volharding in die gebed en voorbidding om die evangelie reg te verkondig – 'n appèl wat vandag nog vir ons almal geld. DK

Ondersteun die werk in Duitsland

Ons het in die vorige uitgawe deeglik onder die indruk gekom van die werk wat onder leiding van dr. Victor d'Assonville in Duitsland gedoen word. Dat die Gereformeerde Belydenis via Afrika weer terugkom na Heidelberg, waar so baie daarvan begin het.

Nou het ons ook onder die indruk gekom van die geweldige nood aan die evangelie wat in Duitsland bestaan. Die RTS Heidelberg (die teologiese skool waar Victor werk) doen inderdaad noodsaaklike werk op ou geskiedkundige plekke, maar tegelyk ook nuwe voorposte vir die evangelie, en dit in een van ons eie stamlande. Hierdie werk ontspring hier in Suid-Afrika, waar eers die Gereformeerde Kerk Marble Hall en nou Postmasburg, dr. Victor uitgestuur het.

Daar is noodsaaklike uitgawes vir die sendende kerk in Suid-Afrika. Die VSOD (Vereniging vir Sending onder Duitssprekendes) is in Suid-Afrika verantwoordelik vir die insameling van donasies om die sendingwerk in Duitsland vanaf Suid-Afrika te ondersteun. U word genooi om hierdie werk tasbaar te ondersteun met 'n bydrae vir die VSOD, eenmalig of deurlopend.

U kan u bydraes elektronies oorbetaal in die rekening van die VSOD,
ABSA Spaarrekening 9317604596. Stuur die bewys aan hawilcocks@gmail.com